

23 Oktober

Skrifgedeelte: Hooglied 1:1-2:1

### Hooglied – die mooiste lied!

Die boek Hooglied is 'n liefdeslied. Letterlik vertaal beteken *Hooglied*: Lied der liedere. En dit beteken gewoon dat dié lied oor die liefde die uitnemendste of die mooiste van alle liedere is.

Die hele boek Hooglied is 'n uitbreiding van die eerste *liefdeslied* wat in die Bybel in Gen 2:23 opgeteken staan: *Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem."*

Reg vanaf die skepping van die mens in Gen 1, is dit duidelik dat geslagtelikheid of seksualiteit deel is van menswees. God het die mens *man en vrou* geskape (Gen 1:26). Uit die skeppingsverhaal is dit duidelik dat God se doel met die skepping van die mens as man en vrou velerlei was: benewens voortplanting (Gen 1:28) ook *fellowship*, onderlinge ondersteuning en interafhanklikheid (Gen 2:18) asook fisieke en geestelike eenheid (Gen 2:22-24).

Dat God ons as seksuele wesens geskape het, is dus nie toevallig of 'n ongeluk nie. Ook dáárvan staan aan die einde van Gen 1 geskrywe: "...*toe sien God dat dit goed was*".

Seksualiteit is inherent goed omdat God dit gemaak het. Hierdie eenheid, ondersteuning en openheid van man en vrou teenoor mekaar en teenoor en voor God is wat Hooglied verder wil verduidelik.

Dit word in die mooiste taal gedoen! Taal wat die liefde en liefdespel tussen man en vrou openlik en selfs eksplisiet eroties beskryf! Maar so ánders as wat dit elders aan ons opgedis word – nooit banaal nie.

Die getroudes onder ons kan, wanneer julle tyd het, gerus hierdie liefdesgedigte vir mekaar gaan lees in die rollespel wat in die NAV aangedui word.

*Sing: Psalm 45:1,2*

*Ds GC Verhoef (Wierdapark)*